HOËRSKOOL STRAND

**WAAR JONG ARENDE SWEEF!**

# ARENDNUUS 3 - MAART 2022

## TOP 10 AKADEMIESE PRESTEERDERS - KWARTAAL 1

Hoërskool Strand maak met trots die name van die top 10 akademiese presteerders van kwartaal 1 bekend:

### GRAAD 12




| POSISIE | NAAM EN VAN | % |
|---|---|---|
| 1 | NIKA VAN VUUREN | 91.9 |
| 2 | MICHELLE PRETORIUS | 90.3 |
| 3 | LIEN HOOGENBOEZEM | 87.6 |
| 4 | KIRA POTGIETER | 87.4 |
| 5 | KARMEN VENTER | 85.6 |
| 6 | DANIE MOMBERG | 84.6 |
| 7 | JESSICA COETZEE | 83.3 |
| 8 | MEGAN MYBURGH | 82.6 |
| 9 | CHANTÉ VAN RENSBURG | 82.4 |
| 10 | DYLAN SWARTS | 82.1 |

### GRAAD 11



| POSISIE | NAAM EN VAN | % |
|---|---|---|
| 1 | CARLA PUNT | 96.3 |
| 2 | CARLA HAUGHTON | 89.7 |
| 3 | CARLI VD WESTHUIZEN | 88.7 |
| 4 | LUKA AHLERS | 86.6 |
| 5 | CELENTIA JANSE VAN VUUREN | 86.0 |
| 6 | JD LE ROUX | 85.3 |
| 7 | NICOLE MALAN | 84.4 |
| 8 | KARLA ADENDORFF | 82.7 |
| 9 | JOSUA BEZUIDENHOUT | 81.9 |
| 10 | REJEANNE HERBST | 80.4 |

### GRAAD 10




| POSISIE | NAAM EN VAN | % |
|---|---|---|
| 1 | NATHAN NEL | 92 |
| 2 | JANÉ SWART | 91.9 |
| 3 | KAYLA SWARTS | 90 |
| 4 | LEONÉ ANTHEA SMITH | 89.9 |
| 5 | LEE-ANN TALJAARD | 88.6 |
| 6 | CAITLIN CORNELIUS | 87.4 |
| 7 | DONNÉ OOSTHUIZEN | 86.4 |
| 8 | CLARISSA GROENEWALD | 86.1 |
| 9 | LELANIE ADELE VAN ROOYEN | 86 |
| 10 | BENNELINE KRUGER | 84.7 |

### GRAAD 9



| POSISIE | NAAM EN VAN | % |
|---|---|---|
| 1 | EMILY LANDMAN | 93.7 |
| 2 | NADINE PRETORIUS | 92.6 |
| 3 | KRISTIN THIART | 92.2 |
| 4 | JANA VAN VUUREN | 91.4 |
| 5 | LAROCHE WEYER | 87.3 |
| 6 | KEAN VAN COLLER | 85.8 |
| 7 | KYLE STEYN | 85.3 |
| 8 | DANIËL THERON | 83.9 |
| 9 | SHONÉ VAN ASWEGEN | 82.9 |
| 9 | JADIN BESTER | 82.9 |

### GRAAD 8



| POSISIE | NAAM EN VAN | % |
|---|---|---|
| 1 | DUANE LOMBARD | 90.2 |
| 2 | SUMARI WALSER | 90.0 |
| 3 | LOUNIËL DE BEER | 88.7 |
| 3 | THANÉ DE BEER | 88.7 |
| 5 | SIMONÉ BOTHA | 88.6 |
| 6 | SCHALK GERHARD BEUKES | 85.4 |
| 7 | RENÉ ROUX | 85.1 |
| 8 | KYLE NEL | 84.6 |
| 9 | TIMOTHY VAN DEN BERGH | 84.4 |
| 9 | NICOLE ERASMUS | 84.4 |

## KULTUURVRATE BESOEK DIE PLAYHOUSE-TEATER - me. M. van Wyk

Die kultuurkomitee het hierdie jaar op 'n hoë noot afgeskop. Hul heel eerste uitstappie het twee verassings opgelewer: 'n besoek aan ons plaaslike teater, The Playhouse, asook die wonderlike voorreg om een van ons eie matriekleerders, Vincent Kruger, op die verhoog te sien. Vincent het die rol van Eugene in die immergewilde musiekblyspel, *Grease*, vertolk.






## SUID-AFRIKAANSE WISKUNDE-OLIMPIADE - me. E. Loedolff

Altesaam 43 leerders het op Donderdag, 10 Maart, aan die Suid-Afrikaanse Wiskunde-olimpiade deelgeneem. Ons is baie trots op die volgende leerders wat almal meer as 50% in ronde 1 behaal het en na ronde 2 deurgedring het. Ronde 2 vind op 12 Mei plaas.

Gr. 8: Louniël de Beer, Thané de Beer,Tristan Gericke, Ruben Schaap en René Roux.
Gr. 9: Kean van Coller, Kristen Thiart, Jana van Vuuren, Michael Kinghorn, Kyle Steyn, Laroche Weyer en Emily Landman.
Gr. 10: Nathan Nel, Corné Verster en Kayla Swarts.
Gr. 11: Josua Bezuidenhout, Atala van Coller, Carla Punt en Carla Haughton.
Gr. 12: Dylan Swarts, Janlo Smith, Kira Potgieter, Nika van Vuuren, Michelle Pretorius en Michaela Snyman.

## NUWE GRAAD 8 VRL-LEDE WORD INGEHULDIG - me. A. Marais

Hoërskool Strand stel met trots drie nuwe graad 8 VRL-lede bekend. Ons vertrou dat hierdie jongelingleiers die graad 8-leerders deur hul voorbeeld en betrokkenheid tot volwaardige Arendskap sal lei.



Chené Myburgh, Timothy vd Bergh en Tiané Smith

## ARENDE DIEN HUL MEDEMENS

- me. E. Verster

Hoërskool Strand het op Vrydag, 11 Maart, teruggegee aan ons medemens deur bloed te skenk. Met behulp van die Wes-Kaapse Bloeddiens is 'n baie suksesvolle bloedskenkdag gehou met bykans 60 leerders en onderwysers wat bloed geskenk het. Baie was eerste skenkers en ons hoop hulle sal dit 'n gewoonte maak wat hulle elke 59 dae kan herhaal!

Ons gaan poog om nog twee klinieke hierdie jaar aan te bied. Doen iets besonders in 2022: Skenk bloed!

















## ROCKING FUTURE-LOOPBAANEKSPO


- me. H. vd Merwe

Op Woensdag, 9 Maart, het die energieke aanbieders en uitstallers van *Rocking Future* ons gr.12's besoek.

Inligting en loopbaankeueses is op 'n interessante, digitale en interaktiewe manier aan die leerders oorgedra. Die ekspo het die gr.12's die geleentheid gebied om meer uit te vind oor studiemoontlikhede, finansiering en akkommodasie.








# TI AMO SE OMGEEWIELE BEGIN WEER ROL!

- me. S. van Rensburg


Ons keuse vir hierdie jaar se nasorgsentrum is “Ons Plek”. Dit is Solidariteit Helpende Hand se gemeenskap-sentrum in die Strand. Hulle het tans ’n voorskoolse speelgroepie van 27 kinders tussen die ouderdom van drie en vyf jaar, terwyl 74 leerders by die naskoolprogram inskakel.

Die afgelope drie weke het ons weer hier aktief begin werk. Ti amo-leerders help die jonger kinders met huiswerk en soms staan hulle ook leerders in hul portuurgroep by. Skoolwerk is egter nie die spil waarom alles draai nie, daar moet darem ’n bietjie pret ook wees! Daar word ingekleur, rugby gespeel en vroteier gespeel. Een middag is soms net te kort vir al die vreugde! Daarom beoog ons om van nou af elke Woensdag daar te kuier.










# 'N ONVERGEETLIKE ARENDFEES! - me. Talette Kenyon

Na 'n ongekende lang grendeltyd kon ons grootste fondsinsamelingsinisiatief, die immergewilde Arendfees, weer sy regmatige plek op ons skoolkalender inneem. Die registerklasse het op drie terreine teen mekaar meegeding: die klas met die beste temadrag vir die dag, die klas wat die meeste geld ingesamel het en die klas wat die meeste punte behaal het. Vermaaklikhede soos die kaskarresies, kruiwastoot, sakresies en rondomtaliedraai het nie net die spierkrag tot die uiterste getoets nie, maar ook die dryfkrag en deursettingsvermoë.

Baie geluk aan die volgende klasse en leerders wat pryse gewen het:

Graad 10A, die "seerowers", wen die prys vir die beste temadrag.

Graad 10E wen die prys vir die klas wat die meeste geld ingesamel het.

Graad 12A wen die prys vir die klas wat die meeste punte behaal het.

Graad 10E en 12A wen elkeen 'n civvie-dag asook pizzas. Die graad 12A-klas se pizzas is deur Roman's Pizza Strand geborg.


Crystal Grobbelaar in 10E het 'n kontantprys van R1500 asook 'n Roman's pizza-geldbewys gewen vir die leerder wat die meeste geld ingesamel het.

Hanri van Nieuwholtz in 10E het die tweede meeste geld ingesamel en wen 'n kontantprys van R1000. Hanri wen ook die gelukkige trekking van R2000.

Baie geluk aan me. Mariaan Olivier, die registeronderwyser van 10E, wat 'n Roman's pizza-geldbewys en kontantprys gewen het.

Baie dankie aan ons personeel, ouers en leerders wat gehelp het om die dag 'n groot sukses te maak. Ons het 'n allemintige R70 000 ingesamel!












# FUEL UP-AAND

- Carla Punt (gr. 11)

Vrydagaand, 18 Maart, het die eerste FUEL UP-aand sedert die grendeltydperk plaasgevind. Purpose Life het in die skoolsaal opgetree en wonderlike getuienisse met die leerders gedeel. Die sowat tagtig leerders wat opgedaag het, het heerlik saamgesing en die Here geloof en prys.


Na so dertig minute se lofprysing het die leerders op die vloer gaan sit en geluister hoe Purpose Life se twee sangers, Zayo en Wilna, oor God se goedheid in hulle lewens, beide in tye van swaarkry en vreugde, getuig. Die leerders het aandagtig geluister.

Daarna het 'n tyd van gebed gevolg. In die hoek van die saal is daar 'n gebedstafel uitgesit sodat leerders gebede op papiertjies kon skryf en dit dan teen die mure kon plak. Baie leerders het deur die loop van die aand hieraan deelgeneem en ware hartsgebede is teen die mure opgeplak.

Hierdie wonderlike aand van lofprysing en gebed was weereens 'n bewys dat daar waar God se kinders bymekaarkom, daar sal Hy tussen hulle wees.

Ons wil dan ook net die geleentheid gebruik om vir Zelda en Stephan van TREE (Transformation in the Education Environment) dankie te sê vir hulle bydrae en betrokkenheid by FUEL. Ons wil ook dankie sê aan die lede van Purpose Life, wat die moeite gedoen het om by ons skool op te tree.

Ons hoop om baie meer leerders by ons volgende FUEL UP-aand te verwelkom.









Dis nie altyd maklik om jou eie finansiële besluite te neem nie. Met 'n Sanlam finansiële beplanner is jy by iemand wat dieselfde dinge as jy wil hê. Ons geakkrediteerde adviseurs kan jou deskundige advies gee en jou help om 'n finansiële plan op te stel wat jou kan help om jou doelwitte te bereik, sodat jy met sekerheid kan lewe in die wete dat jy op koers is na 'n beter finansiële toekoms.

Ons kan jou behulpsaam wees met:

- **Finansiële beplanning**
- **Aftrede**
- **Lewensversekering**
- **Korttermynversekering**
- **Beleggingsbeplanning**
- **Testamente en trusts**

Skakel ons by **FinPrufe Wealth BlouSter** sodat ons kan gesels oor hoe ek jou kan help om finansiële sekerheid te verkry.


**Theunis Steyn**
Direkteur
021 880 6610


**George de Kock**
Direkteur
021 880 6609


**André Wethmar**
Finansiële Beplanner
083 766 6822


**Alto de Kock**
Finansiële Beplanner
082 215 6673


**Johan Krause**
Finansiële Beplanner
082 452 7036


**Christoff Steyn**
Finansiële Beplanner
072 658 1906


**André de Swardt**
Finansiële Beplanner
084 263 8266


**Hendrik Swart**
Korttermyn-versekering
082 463 4168


**Henriëtte Marais**
Korttermyn-versekering
071 388 9591

Sanlam
Lewe met sekerheid

Sanlam is 'n Gelisensieerde Verskaffer van Finansiële Dienste.

# ARENDATLETE OM OP TROTS TE WEES!

– mnr. W. Maré



Na twee jaar van 'n ernstige sportdroogte het twee Arend-atlete ons skool baie trots gemaak deur puik prestasies te lewer.

By die SA Skole-kampioenskap in Germiston het Christopher Smit 'n eerste plek in die seuns o.19-hamergooi met 'n pragtige afstand van 61.72 m behaal. Hierdie prestasie het aan hom 'n goue medalje besorg.

Clinton Brits het gekwalifiseer om in die finale ronde van 800 m seuns o.15 te hardloop en daar 'n derde plek met 'n ongelooflike tyd van 1:58,09 behaal. Dit het aan hom 'n brons medalje besorg.

Hierna het beide atlete aan die ASA Jeug- en Junior Kampioenskap in Potchefstroom deelgeneem. Christopher het 'n eerste plek in die mans o.20-hamergooi met 'n pragtige afstand van 60,48 m behaal. Clinton het in die finale ronde van die o.16-seuns 800 m 'n vierde plek met 'n tyd van 1:59, 48 behaal.

Twee atlete op wie Hoërskool Strand met reg baie trots is!






## AREND-SWEMMER PRESTEER BY SA SWEMKAMPIOENSKAP

- me. Annamarie Louw

Martin Theron (gr. 12) het vanaf 18-21 Maart aan die SA Vlak 3-swemkampioenskap in George deelgeneem. Martin het teen strawwe kompetisie te staan gekom deurdat hy as 17-jarige in die kategorie vir 17 - 24 moes meeding. Hy het egter baie goed gevaar, goeie tye geswem en dit reggekry om in drie van sy items te kwalifiseer om in die finale ronde te swem: 100 m vlinderslag, 50 m borsslag en 200 m rugslag. Dit is op sigself is 'n baie groot prestasie.



Hy het die volgende plekke behaal:

| | |
|---|---|
| 200 m rugslag | - 5de plek |
| 50 m rugslag | - 7de plek |
| 100 m vlinderslag | - 6de plek |
| 200 m vryslag | - 12de plek |
| 100 m vryslag | - 10de plek |
| 50 m borslag | - 10de plek |
| 50 m vryslag | - 15de plek |

Dit was die eerste keer wat Martin gekwalifiseer het om aan 'n SA Vlak 3-swemkampioenskap deel te neem. 'n Wonderlike beloning vir jare se harde werk.

Sterkte verder op jou swempad, Martin.



## STRAND PERSONEELLID SKITTER BY RINGBAL

Me. Loraine Verwey, wat al baie jare 'n staatmaker in die Strand se ringbalkringe is, is tot president van die WP-ringbalunie verkies.




# AREND-TOUTREKKERS BEÏNDRUK TYDENS SA JUNIOR KAMPIOENSKAP

- mnr. Riaan Nowers

Die afgelope langnaweek het Hoërskool Strand se toutrekspanne die res van die land deeglik laat kennis neem van hul teenwoordigheid tydens die SA Junior Toutrekkampioenskap in Malmesbury. Opponente moes omtrent bontstaan om die krag van die Arend-toutrekkers te weerstaan.

Daar is weliswaar geen medaljes ingepalm nie, maar om net die finale uittrekrondes in elke gewigsafdeling te kon haal, is werklik 'n prestasie. Ses van Hoërskool Strand se spanne het daarin geslaag om in die finale uittrekrondes mee te ding. Hier het die 560 kg Plaatspan 'n welverdiende 4de plek behaal met die 480 kg-seuns en 480 kg-dogters, sowel as die 520 kg gemengde span wat uitstekende 5de plekke algeheel behaal het.
Die 560 kg Plaatspan het glad nie verras met hul puik 4de plek nie. Baie word nog van hierdie nuwelinge in die toekoms verwag.

Met 'n totaal nuwe afrigtingspan is dit werklik prestasies van hoogstaande gehalte en kan elke afrigter en aanvoerder opreg trots voel. Die wyse waarop meegeding is in elke afdeling te midde van snikhete temperature van 35 grade plus was iets om elke Arend-ondersteuner trots te maak.

Spesiale vermelding moet gemaak word van die 560 kg-seunspan wat trekkers moes afstaan aan leerders wat nie beskikbaar was nie. Om te kompeteer met 'n span wat 30 kg onder gewig is, het die uiterste inspanning en vasbyt geverg. Nooit het hulle opgehou nie en almal verras met hul krag tot - op die allerlaaste trek!

Uitslae:

| | | | |
|---|---|---|---|
| 440 kg Seuns | 11de | 520 kg Dogters | 9de |
| 440 kg Dogters | 6de | 520 kg Gemeng | 5de |
| 480 kg Seuns | 5de | 560 kg Seuns | 14de |
| 480 kg Dogters | 5de | 560 kg Plaat | 4de |
| 520 kg Seuns | 6de | | |

Hiermee word 'n hoogs suksesvolle Hoërskool Strand toutrekseisoen afgesluit. Die toutrekbestuur insluitende die skoolverteenwoordiger, me. Hannelie van der Merwe, afrigters en aanvoerders, toutrekatlete en hul ouers en ondersteuners word opreg bedank vir hul energie en insette deur die loop van die seisoen. Met die verrassende nuwe getal toutrekkers wat hierdie jaar begin het, word daar uitgesien na die nuwe seisoen wat weer aan die einde van die derde kwartaal begin.











# NETBALNUUS - me. O'dine Lategan

Vir die Top 9-netbalgroep (Annike Charles, Kaylin du Toit, Maryké Erasmus, Zoë Gillespie, Rejeanne Herbst, Jenicah Jonkers, Siàn Snyman, Zoë van Niekerk en Farren Willemse) het die 2022-seisoen op 'n hoë noot afgeskop tydens die jaarlikse Bulfees wat deur Hoërskool Porterville aangebied is. Die eerste seges van die seisoen teen Hoërskool Montana en Curro Langebaan met uitblinkers soos Kaylin du Toit en Rejeanne Herbst het die Arende moed gegee vir die res van die seisoen. Hierna het ons deelname aan die Brackenfell Sportdag gevolg, met mededingende spel teen Hoërskool Hopefield en Labori Hoërskool.

Op 22 Maart is die jaarlikse klere-oorhandiging in samewerking met ons borge aangebied. Hoërskool Strand is bevoorreg dat Flamero's Chicken Grill en FinPrufe BlueStar weer as die amptelike borge vir 2022 ingetree het.

Ander borge soos mnr. Vinkie en mev. Emelda Cruywagen, mnr. Phillip Erasmus en mnr. David du Toit van Crystal Lake se bystand en ondersteuning word ook opreg waardeer.

Op 25 Maart het die eerste netbalspan met hul afrigter, me. O'dine Lategan en spanbestuurder, me. Tania vd Walt, op hul jaarlikse toer na Mosselbaai vertrek. Tydens die propvol, aksiebelaaide Athur Johnson-toernooi het die span hulself met mening op die veld laat geld. Maryké Erasmus en Kaylin du Toit is aangewys as ons skool se spelers van die toernooi.

Dit is met trots wat ons na ons tuisgrond teruggekeer het - na 'n week van saam groei, saam sweet en saam oorwin.



Agter: Rejeanne Herbst, Zoë van Niekerk, me. O'Dine Lategan (afrigter), Jenicah Jonkers, Kaylin du Toit, Maryké Erasmus, me. Tania van der Walt (spanbestuurder), Farren Willemse en Caila Grunder (tegniese beampte).
Voor: Annike Charles, Siàn Snyman en Zoë Gillespie.





# HOKKIENUUS - me. Leani vd Merwe

'n Baie besige hokkieseisoen is met die jaarlikse ses-aan-'n-kant hokkietoernooi afgeskop. Hierdie prettige hokkielekkerte het nou reeds 'n gewilde jaarlikse instelling geword.

DF/SALT-TOERNOOI:

Die o.14A-seuns en -dogters het op 20 en 21 Maart aan hul heel eerste hoërskoolhokkietoernooi, die DF/SALT-toernooi, deelgeneem. Dertien ywerige spelers van elke span het Sondagoggend vroeg na die noordelike voorstede vertrek om hul eerste wedstryde vir 2022 te speel. Die twee dae was warm en lank, maar die spelers het die wedstryde met hope durf, ywer en trots aangepak.




Onder 14-seuns se uitslae:
1-1 teen Drostdy
0-1 teen Gene Louw
1-1 teen Hermanus
1-1 teen Hugenote
5-1 teen Stellenbosch
1-0 teen Bellville
1-0 teen Robertson
Juan Oehley is as die beste speler van die dag aangewys.




Onder 14-dogters se uitslae:
2-1 teen Bellville
2-0 teen Edgemead
2-1 teen Hermanus
1-0 teen Hugenote
0-4 teen Springfield
0-3 teen La Rochelle
0-2 teen Stellenbosch
Simoné Botha is as die beste speler van die dag aangewys.

SPAR-TOERNOOI:

Die o.16A-dogters het by die Hoërskool Bellville kragte gemeet teen die volgende skole: Hoërskool Bellville 0-1, Curro Durbanville 0-0, La Rochelle 1-0 en Hoërskool Swartland 3-0. (Hoërskool Strand se tellings verskyn eerste)

Die o.18A-meisies het op hul beurt skoonskip gemaak teen hulle teenstanders by Hoërskool Stellenberg: Fish Hoek High 1-0, Charlie Hofmeyr 4-0, El Shaddai 2-0 en Hoërskool Swartland 1-0.

By die o.16 A-dogters is Juané Rall as die beste speler aangewys en by die o.18A-dogters is Celentia Janse van Vuuren as die beste speler aangewys.





# HOKKIENUUS (VERVOLG) - me. Leani vd Merwe

Op 24 Maart het die eerste hokkiespanne hul nuwe spandrag ontvang. Baie dankie aan KFC!




HOËRSKOOL STRAND O.19 B-HOKKIEFEES:

Na 2 jaar se sportdroogte kon hierdie hokkiefees die naweek sy tweede verjaardag tydens 'n besige en vrolike fees vier.

Twaalf spanne het vanjaar deelgeneem: Strand, Bloemhof, Rhenish, Parel Vallei, Bellville, Fairmont, DF Malan, Hopefield, La Rochelle, Paarl Meisieskool, Hermanus en Worcester Gim.

Elke span het 6 wedstryde van 20 minute elk gespeel. Die mikpunt van die fees was dat spelers voor die seisoen hul foute kon identifiseer en daarop verbeter. Daar word geen wenner oor die twee dae bepaal nie, slegs lekker hokkie gespeel.

Twizza se "bean bags" het groot aftrek gekry en die spelers het tussen wedstryde heerlik daarop lê en ontspan. Die Twizza-stalletjie, Ambeáns-koffiewaentjie en die hokkie-ouerkomitee se kosstalletjie het alle honger en dors toeskouers, spelers en beamptes met heerlike verversings bederf.

Baie dankie aan elke span wat hierdie twee dae by Hoërskool Strand kom geniet het.






PAARL GIMNASIUM HOKKIETOERNOOI

Die onder 16-seunshokkiespan het vanaf 28-30 Maart die hokkietoernooi in die Paarl aangedurf. Vir sommige spelers was dit die eerste wedstryde in twee jaar en vir die meeste ander die eerste wedstryde van die seisoen. Alhoewel die tellings nie ten gunste van die Strand-span was nie, kan hulle verseker wees dat hulle baie ondervinding opgedoen het in hierdie drie dae en dat daar die res van die seisoen hierop gebou kan word.




Twee van die spelers, Ruben Botha en Corné Verster, is uitgenooi om in Oktober aan Travel Sport se toer na Nederland deel te neem.

NOWEN CORNELIUS-SPORTFEES

Die o.16A-dogtershokkiespan het hierdie jaar aan die Nowen Cornelius-Sportfees in Hermanus deelgeneem. Hulle het die Overstrand met goeie hokkie aan die brand gespeel, maar kon darem 'n tydjie afknyp om heerlik in die water by Wortelgat af te koel. Sondag het die span 'n baie spesiale erediens in die pragtige NG Kerk in Stanford bygewoon .



Die uitslae was soos volg:
Klop Hoërskool Hermanus 11-0
Gelykop teen Hoërskool Stellenberg 0-0
Klop Hoërskool Duineveld 4-1
Klop Hoërskool Hermanus 11-0

# HOKKIENUUS (VERVOLG) - me. Leani vd Merwe

FAIRMONT-HOKKIETOERNOOI 2022



Die eerste hokkiespanne van Hoërskool Strand het vanjaar weer aan die Fairmont-hokkietoernooi deelgeneem. Vier en twintig spanne het aan hierdie gesogte toernooi deelgeneem, sommige van so ver as Krugersdorp, Oos-Londen, Betlehem en Windhoek. Die stryd is in vier verskillende groepe uitgespook. Dit was goed om teen onbekende spanne mee te ding en jouself aan nuwe spelpatrone te meet. Elke span het sewe wedstryde in die vier dae gespeel, so die fiksheid en uithouvermoë is tot die uiterste beproef.

Die seuns se opponente het die volgende skole ingesluit: Charlie Hofmeyr, DF Malan, Bishops B, Hudson Park (Oos-Londen), Monument (Krugersdorp), Pinelands en Milnerton. Die meisies het teen die volgende spanne gespeel: Pearson (Port Elizabeth), Stellenberg, Hermanus, ES Academy, Pinelands, Langa en Worcester Gimnasium. Na elke wedstryd is daar 'n speler van die wedstryd aangewys. By die Langa en Worcester Gim wedstryde was dit die volgende Strandspelers wat die eer te beurt geval het: Antoinette Bredenkamp en Jeanél de Klerk.

Dit was 'n wonderlike spanbougeleentheid vir die twee spanne, asook 'n geleentheid vir die eerstespanafrigters om die nodige skaafwerk te doen voor die ligawedstryde in die tweede kwartaal begin. Alhoewel die tellings nie in Strand se guns was nie, het die spelers die toernooi baie geniet en elke wedstryd was 'n leerskool.

Marais Westraat is uit 24 skole se deelnemers gekies om as lid van die die Travel Sport-span na Nederland te toer.

# SKAAKMAT! - Me. Franca van Niekerk



Isabella Jaap (gr.10) het 'n goue medalje gewen by die Metropool-Oos skaakproewe, wat op 13 Maart by Hendrik Louw plaasgevind het. Sy is as die wenner in die o.18-dogterskategorie aangewys. Voorwaar 'n uitsonderlike prestasie!

# RUGBYNUUS - mnr. Kieron vd Merwe

RUGBY-AANDREEKS



Op Woensdag, 2 Maart, het die rugbyseisoen afgeskop met die eerste van drie aandreeks-wedstryde vir o.19-spanne, aangebied deur Hoërskool Strand.

Van die eerste tot die laaste wedstryd het groot gees onder die spelers asook toeskouers geheers, met baie goeie rugby wat gespeel is. Dit was duidelik dat beide die toeskouers en spelers uitgehonger was vir rugby.

SKOPAFRIGTER BESOEK ONS SKOOL

Op 6 Maart het die voormalige Luiperds- en Kings skopafrigter, Henning van der Merwe, ons skool besoek. Waardevolle tegnieke is met die spelers van Hoërskool Strand asook die o.13-spelers van Laerskool Lochnerhof gedeel en ingeoefen.



KLERE-OORHANDIGING

Op 10 Maart het die eerstespan hul nuwe spandrag ontvang. Alle dank aan ons borg, Rola Toyota Somerset-Wes.

BOLAND LANDBOU-RUGBYDAG



Hoërskool Strand se o.19A-rugbyspan het op Saterdag 12 Maart aan die jaarlikse Boland Landbou-rugbydag deelgeneem. Ons het eerste teen Hamiltons Rugbyklub gespeel. Na 'n taai wedstryd moes ons die knie buig met 'n telling van 10-5. Daarna het ons teen Hoërskool Dirkie Uys gespeel en 'n goeie vertoning gelewer. Ons het met 'n telling van 15-10 geseëvier.

# RUGBYNUUS (VERVOLG) - mnr. Kieron vd Merwe

BRACKENFELL-SPORTDAG

Hoërskool Strand se rugbyspanne het op 21 Maart by die jaarlikse Brackenfell Sportdag teen Hoërskool Brackenfell meegeding. Dit was die junior spanne se eerste wedstryde van die jaar. Dit was 'n baie goeie dag op die rugbyveld vir Strand, met die uitslae as volg:

O.14 A wen 46 - 0
O.14 B wen 25 - 5
O.15 A wen 49 - 9
O.15 B verloor 19 - 24
O.16 A verloor 10 - 15
O.16 B wen 26 - 0
O.19 B verloor 10 - 32
O.19 A wen 28 - 5





RUGBYTOERE

Die spelers het gedurende die vakansie verskeie toere onderneem. Die eerstespan het weer vanjaar die Oakdale-rugbytoernooi bygewoon. Hanro Bezuidenhout is na afloop van die toernooi tot die Oakdale 15-tal verkies. Hy is as die beste no. 6-flank van die toernooi aangewys. Met 34 skole en 102 flanke wat aan die toernooi deelgeneem het, is dit voorwaar 'n prestasie.

